

Gereformeerde Kerk Bellville – 6 Maart 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 67:1, 2 (p. 326)

- 1 Wees ons, o HEER, wees ons genadig / en seën ons by oewervloed;
U aanskyn, laat dié weer weldadig / ons koester met sy liefdegloed;
dat vir verste volke / deur ontslote wolke / kennislig kan breek;
nasies met verblyding / van die blye tyding / in hul land kan spreek!
- 2 Die nasies wat U nou nie prys nie, / hul sal U loof, hul almal saam.
Die volk wat U geen dank bewys nie, / sal sing die grootheid van u Naam.
U, hul loflied waardig, / oordeel hul regvaardig, / U wat nasies lei.
Lande vergeleë / juig oor verre seë, / in u goedheid bly.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 66:1, 7 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.

Gebed

Psalm 65:2, 3 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregtighede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.
- 3 Ons al ons in u huis versadig / met hoogste gunsbewys:
met heil'ge goed wat U milddadig / laat stroom uit u paleis.
U antwoord ons in reddingsdade: / gedug is U in mag
Ons prys die blyk van u genade; / die vyand toon ontsag.

Skriflesing: Romeine 11:11-24; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3 en 4, Artikel 7

Kernvers: Romeine 11:19-20

**Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek, sodat ek ingeënt kon word. Goed!
Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie
hoogmoedig wees nie, maar vrees.** (Romeine 11:19-20 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 3 en 4, Artikel 7

*Hierdie verborgenheid van sy wil het God in die Ou Testament aan min mense bekend
gemaak, maar in die Nuwe Testament, waar die onderskeid tussen volke nou weggeneem
is, openbaar Hy dit aan meer mense. Die oorsaak waarom hierdie bedeling so verskillend
is, moet nie aan die waardigheid van die een volk bo die ander of aan die beter gebruik
van die lig van die natuur toegeskryf word nie maar aan die volledige vrye welbehae en
onverdiende liefde van God. Daarom moet hulle wat sonder en teen enige verdienste so 'n*

groot genade deelagtig word, dit met 'n nederige en dankbare hart erken. Hulle moet ten opsigte van ander wat hierdie genade nie ontvang het nie, saam met die apostel die strengheid en regverdigheid van die oordele van God eerbiedig sonder om dit nuuskierig te ondersoek.

'n Verduideliking van die artikel

Hierdie verborgenheid van God se wil verwys na die evangelie van die Messias waardeur God besluit het om die gelowiges in die Ou sowel as in die Nuwe Testament salig te maak. In die Ou Testament het God die evangelie van die Messias aan min mense bekend gemaak. Die evangelie is hoofsaaklik aan Abraham en sy nageslag verkondig. Enkele heidene is begenadig om ook hierdie evangelie te hoor en tot bekering en geloof in God te kom – ons dink aan Ragab van Jerigo, Rut van Moab en Naäman, die generaal van die Arameërs.

In die Nuwe Testament het God egter die onderskeid tussen volke weggeneem. Die tyd het aangebreek vir die vervulling van God se belofte aan Abraham. Aan hom het God gesê:

In jou sal al die geslagte van die aarde geseën word. (Genesis 12:3 AFR53)

In Jesus se woorde hoor ons ook iets van hierdie belofte:

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. (Johannes 3:16 AFR53)

Dit is wanneer die Heilige Gees op Pinksterdag uitgestort word dat ons al kan sien dat die grense van tale oorbrug word. En wanneer die Here vir Petrus na Kornelius stuur en later vir Paulus as apostel vir die heidennasies dat ons duidelik raaksien dat die onderskeid tussen volke heeltewel opgehef word. Alle mense oor die hele aarde moet hoor dat Jesus die Here en Verlosser is.

Die rede dat hierdie bedeling van die Nuwe Testament so verskillend is van die vorige bedeling – van die Ou Testament – moet nie daarin gesoek word dat die een volk – die Jode – waardiger was as enige ander volk nie. Die rede vir hierdie verskil lê ook nie daarin dat die Jode beter gebruik gemaak het van die lig van die natuur as wat die ander volke gedoen het nie. Dit is maar alleen God se vrye welbehae en onverdiende liefde wat veroorsaak het dat Hy die evangelie eers aan die Jode en toe later aan al die ander nasies laat verkondig het. So gebeur dit dan ook dat God uit vrye welbehae en onverdiende liefde die evangelie van die Messias laat bring aan wie Hy wil en wanneer Hy wil (vgl. Dordtse Leerreëls 1:3).

Gevolglik moet die mense wat sonder en teen enige verdienste van hulle kant af deel gekry het aan hierdie groot genade – om deur die Heilige Gees bekeer te word met die evangelie van die Messias – met 'n nederige en dankbare hart erken dat hulle bekering geheel en al God se werk is.

En ten opsigte van die mense wat hierdie genade van bekering deur die Heilige Gees nie ontvang het nie, moet die ware gelowiges saam met die apostel die strengheid en regverdigheid van die oordele van God eerbiedig. Hulle moet berus dat dit God se besluit is om die bekering deur die Heilige Gees en deur die Woord te skenk aan wie Hy wil en wanneer wil. Die rede waarom God die bekering deur sy Gees en Woord net aan sommige mense gee en aan ander nie, moet nie nuuskierig ondersoek word nie.

Tema: Waak teen geestelike hoogmoed

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, oor die algemeen hou mense nie van die idee dat God alleen mense tot die ewige lewe uitverkies het nie. En as hulle nog hoor dat God net 'n sekere aantal mense tot die ewige lewe uitverkies het, is hulle sommer dadelik gereed met die een beskuldiging na die ander. Ja, sê hulle, die Here is onregverdig om net sekere mense uit te kies.

Om hulle punt te bewys dat die Here onregverdig is, gryp hulle graag die volgende emosionele argument aan. Hulle sê: Hoe kan dit regverdig wees as iemand daar in die oerwoude van die Amasone verlore gaan omdat hy nie die geleentheid gehad het om die evangelie van Jesus Christus te hoor nie? Afgesien van die baie emosie wat agter hierdie vraag sit, opper mense hierdie argument omdat hulle dink alle mense het die reg om die evangelie van Jesus Christus te hoor.

Niemand van ons het regte by die Here nie. Niemand kan by die Here daarop aandring dat hy ook die Woord van God moet hoor nie. Die Woord van die Here is die Here s'n. Hy kan dit gee vir wie Hy wil en wanneer Hy wil. Dit is nie omdat die een mens of een volk beter as 'n ander een is dat die Here sy Woord aan hulle laat verkondig nie. Hy kan sy Woord gee vir wie Hy wil, want dit is sy Woord. Die Here het Homself in besonder eers aan Abraham en sy nageslag geopenbaar. En eers toe Hy sy Seun na hierdie wêreld gestuur het, het Hy die mure tussen Israel en die ander volke afgebreek. Jesus het immers hierdie opdrag aan die apostels en ook aan sy kerk gegee:

Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. (Matteus 28:19 AFR53)

Broers, susters en kinders, die Here het aan elkeen van ons wat vanoggend hier is en aan elkeen wat na hierdie Woord luister en dit lees genade betoon. Hy het op grond van sy onbegryplike groot liefde vir sondaars besluit om Homself in besonder aan ons te openbaar. Hy het sy Woord na ons gestuur. As die Here jou dan gekies het om sy kind te wees en die Heilige Gees met die evangelie van Jesus Christus die geloof in jou hart opgewek het, is dit mos net genade. Niemand van ons kon of het daarop aangedring dat die evangelie aan ons verkondig moet word nie. Ons het nie gekies om ouers te hê wat die Here ken nie. Die Here het jou ouers vir jou uitgesoek sodat jy al van kleins af die evangelie van Christus kon hoor. En as die Here dan al in 'n vroeë stadium in jou lewe aan jou die insig gegee het om te begryp dat Jesus inderdaad die enigste Verlosser is en jy Hom as jou Verlosser in die geloof omhels het, is dit nog steeds net genade.

Hierdie genade wat die Here dan so ryklik aan jou geskenk het, behoort mos iets in 'n mens te veroorsaak. In die woorde van hierdie belydenis sê ons aan die een kant: **Daarom moet hulle wat sonder en teen enige verdienste so 'n groot genade deelagtig word, dit met 'n nederige en dankbare hart erken.** Die woord *nederig* is die teenoorgestelde van *hoogmoed*. Iemand wat hoogmoedig is, dink hy is beter as iemand anders, dink dat dit wat hy is en bereik het net aan sy eie prestasie te danke is. Iemand wat nederig is, erken met sy woorde en dade dat hy nie self kon gekom het of geword het wat hy is nie. En omdat hy die geloof gekry het en Christus met die geloof as sy Verlosser omhels het, is hy dankbaar, want daar is nie 'n groter geskenk as dit in die lewe nie. Dit is wat ons bely ons gesindheid teenoor God behoort te wees vir sy genade.

Ons gaan ook verder om te bely hoe die verlose mens se gesindheid behoort te wees wanneer hy besef daar is ook mense wat nie, of nog nie, hierdie genade ontvang het nie.

Ten opsigte van ander wat hierdie genade nie ontvang het nie, moet hulle saam met die apostel die strengheid en regverdigheid van die oordele van God eerbiedig sonder om dit nuuskierig te ondersoek. Om die streng en regverdige oordele van God te eerbiedig beteken dat 'n mens jousef ook teenoor die Here nederig hou. Niemand kan homself verhef deur ondersoek in te stel oor hoekom sekere mense nie die genade ontvang het om tot bekering te kom nie terwyl jy daardie genade ontvang het. 'n Mens kan nie die Here tot verantwoording roep oor sy besluite nie.

Uit ons belydenis word dit dus duidelik dat ons teen hoogmoed moet waak. In ons Skrifgedeelte leer die Heilige Gees ons hoe om teen geestelike hoogmoed te waak. Drie keer word daar in Romeine 11 gesê dat 'n gelowige nie hoogmoedig moet wees nie (Rom 11:18, 20, 25).

Die eerste les wat ons geleer word is om te onthou dat verlossing alleen op grond van God se genade aan mense geskied. Daar is niemand in hierdie wêreld wat verdien om deur God verlos te word nie – nie 'n Jood nie en ook nie 'n heiden nie.

Die genade wat God aan Abraham bewys het is die enigste rede waarom die Jode bevoorreg was om die uitverkore volk van God te wees. Tussen al die mense wat destyds gelewe het, het die Here vir Abraham uitgesonder vir Homself. Daar was niks besonders aan Abraham nie. Hy was nie meer vroom as ander mense nie, ook nie minder sondig as ander mense nie. Inteendeel, hy het ook afgode in Ur gedien voordat die Here hom geroep het (Jos 24:2). Die Here het Abraham vir Homself geheilig – Hy het Abraham vir Homself afgesonder. Daarop het die Here beloftes aan Abraham gemaak waarvan ons in Genesis 12:1-3 lees. Hy sal Abraham onder andere 'n groot nasie maak.

Wanneer die Here later sy verbond met Abraham oprig, belowe die Here om Abraham en sy nageslag se God te wees en hulle sal sy volk wees. Die Here het dus nie net vir Abraham vir Homself opgeëis nie, maar ook die nageslag van Abraham – die Jode wat van Abraham afstam. In die taal van Romeine 11 is Abraham die wortel en die Jode wat van hom afstam die takke in vers 16. Omdat die Here vir Abraham vir Homself geheilig het, is die nageslag ook vir Hom geheilig – vir Hom afgesonder, want Hy het hulle in die verbond met Hom betrek.

In Deuteronomium 7 herinner Moses die volk aan die genade wat die Here aan hulle bewys het:

Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. Maar omdat die HERE julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het die HERE julle met 'n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis, uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos.
(Deuteronomium 7:7-8 AFR53)

Met ander woorde, die Here het Israel nie gekies omdat hulle beter was as ander volke nie. Sy liefde vir hulle en die eed wat Hy gesweer het aan die vaders is die rede. En die Here het sy verbond met Abraham gesluit – nie omdat Abraham so wonderlik was nie. Dit is alleen uit genade wat die Here dit gedoen het.

God se genade aan die heidene is ook die enigste rede waarom die seën van verlossing ook tot by ons gekom het. Paulus breek die hoogmoed wat by die gelowiges uit die heidene gedreig het om na die oppervlak te kom op drie maniere af. Hy sê: Onthou dat jy maar 'n wilde olyf is wat op die olyfboom ingeënt is. Jy is teen jou natuur in in die verbond

van die Here ingebring. Van nature wou jy nie die Here ken nie, maar Hy wou hê dat jy Hom leer ken en Hy wil met jou 'n verhouding hê waarin jy kan groei.

Hy sê verder dat die gelowige uit die heidene moet onthou dat hy maar net 'n tak is wat op die olyfboom ingeënt is. Daarom is dit nie die tak wat die wortel dra nie; die wortel dra die tak. Ons wat nie Jode is nie kon alleen deel word van die verbond en die genade in Christus omdat God genade aan Abraham bewys het en belowe het om in hom al die nasies van die aarde te seën. Was dit nie vir die koms van Christus nie, sou die verlossingsboodskap nie tot by ons gekom het nie, want in Hom is die skeidsmuur tussen Jood en nie-Jood afgebreek.

Maar 'n gelowige uit die heidene kon redeneer dat daar takke van die olyfboom afgebreek is sodat hy as 'n wilde olyf op die wortel ingeënt kon word. Dit is inderdaad so. Die Here het die ongeloof van die Jode ingespan om die evangelie van verlossing aan die heidene te bring. Die wilde olyf is maar net deur die geloof in Christus ingelyf, nie op grond van iets anders nie. En dit bring ons by die tweede les wat ons hier geleer word.

Waak teen geestelike hoogmoed deur in die geloof te volhard. 'n Mens ontvang God se genade deur geloof en jy verloor God se genade deur ongeloof. Daarom is dit uiters belangrik dat 'n mens voortdurend vir jouself sal seker maak dat jy steeds net in Christus alleen jou vertrouwe stel vir verlossing. 'n Mens se verlossing kan nooit vasstaan op wat 'n mens gedoen of belowe het nie. Wat die oorsprong en aard van geloof in Christus betref, neem dit alle hoogmoed weg.

Ja, 'n mens moet glo, maar geloof het sy oorsprong nie in die mens self nie. Geloof is 'n geskenk wat die Heilige Gees met die verkondiging van die evangelie aan ons gee. Daarom kan 'n mens nie eers op sy geloof roem nie, want hy het dit nie gehad om mee te begin nie. Geloof is ook nie 'n werk van die mens waarmee hy iets by die Here verdien nie. Geloof is hande wat die Heilige Gees aan 'n mens gee met die Woord, maar dit is leë hande totdat die Heilige Gees Christus en sy volmaakte werk in daardie hande plaas.

As 'n mens besef wat die aard van geloof is, weet jy dat jy nie hoogmoedig kan wees nie. Geloof is om staat te maak op wat Christus vir jou gedoen het. Self kon jy dit nie doen nie en buitendien het jy nie verdien dat Hy dit vir jou moet doen nie. As gelowige was jy ook skuldig genoeg om die helse smart en pyn van Godverlatenheid te ly. Dit is immers wat 'n mens met jou sonde verdien. Maar Christus neem daardie skuld op Hom en Hy dra die straf daarvoor sodat jy die verlossing kan ontvang. 'n Mens loop tog nie rond en spog oor jou skuld nie. Skuld is tog iets waarvoor 'n mens skaam is, veral as jy dit nie self kan betaal nie. En wanneer Christus jou skuld betaal, kan jy maar alleen roem oor sy genade. Jy het Hom nie gaan soek om jou skuld te betaal nie. Hy het jou gesoek om vir jou in die evangelie te sê dat Hy klaar jou skuld betaal het. Nou kan 'n mens maar net met 'n nederige en dankbare hart dit erken en sy lof besing.

Hoe sal 'n mens dit regkry om in die geloof te volhard? 'n Mens kry dit reg deur elke dag bewustelik jou gedagtes op Christus en sy volmaakte werk aan die kruis te fokus. Preek vir jouself aanhoudend die evangelie. Sodoende weerstaan jy die geaardheid om geestelik hoogmoedig te word. Dit is die tweede les wat ons geleer word.

Die derde les is: Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees. Vrees die God wat goed en streng is. Vrees beteken nie om bang te wees vir God nie, maar om ontsag en eerbied vir God te hê.

As God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy miskien jou ook nie spaar nie. (Romeine 11:21 AFR53)

Geestelike hoogmoed is nie iets waarvan 'n gelowige geheel en al ontslae sal raak in hierdie lewe nie. Hoogmoed is 'n sonde en sonde is iets waarteen 'n gelowige sy lewe lank moet stry. 'n Mens kan oor die geringste ou dingetjie hoogmoedig raak. Jy het dit reggekry om 'n begrip van Christus en sy werk te kry wat ooreenstem met die Woord van die Here. Maklik gebeur dit dat 'n gelowige daarvoor geestelik hoogmoedig raak. Maar as jy mooi daarvoor nadink, het jy die begrip nie op jou eie gekry nie. Die Heilige Gees het dit met die Woord vir jou al meer verstaanbaar gemaak.

Daarom moet 'n mens oppas om jou nie met ander mense te vergelyk wanneer dit by bekering, geloof en verlossing kom nie. Van nature vergelyk 'n mens jouself gewoonlik met iemand wat duidelik 'n ongelowige lewe lei. En dan maak 'n mens sommer maklik die afleiding dat daardie mens met reg die oordeel van God verdien, want hy wil nie luister wanneer die Here met die evangelie roep nie. Maar is dit nie so dat ook ek en jy die regverdige oordeel van God verdien nie? Dit was nie omdat jy so rats was dat jy die oordeel vrygespring het nie. Dit is Christus se ontferming vir jou wat jou weggekeer het van die oordeel omdat Hy dit in jou plek gedra het. Dat die Here juis vir jou as 'n wilde olyf op die olyfboom ingeënt het, was net sy genade. Hy kon net sowel 'n ander wilde olyftak pleks van jou gevat het.

Aanbid die Here met eerbied en ontsag omdat Hy regverdig is – Hy het jou sonde aan Christus gestraf – en Hy het sy goedheid aan jou betoon. Ware gelowig wees en hoogmoed gaan eenvoudig nie hand aan hand nie. Maar hy wat in hoogmoed volhard, het reeds die genade van God van die hand gewys omdat hy dink hy is 'n gelowige op grond van wie hy is en wat hy doen. Sulke takke het die Here in die verlede van die wortel losgekap en Hy sal dit in die toekom steeds doen totdat sy volk net uit ware gelowiges bestaan.

Amen!

Slotgebed

Psalm 116:7, 9, 10 (p. 570)

- 7 Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld? / Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade / en by die kelk van heil sy Naam vermeld.
- 9 Ag, HEER, ek is, o ja, ek is u kneg, / seun van u diensmaagd, in u diens gebore:
my bande is los; vir hoër diens verkore, / bring ek die offers, aan U toegeseg.
- 10 Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys / te midde van die feestelike skare.
Jerusalem, ek hoor om jou altare / die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.